HOËRSKOOL RANDBURG

**Spesifieke Oueromsendbrief nr. 101 van 2026**

14 September 2026

Geagte Ouer/Voog

Baie geluk met u seun/dogter se insluiting by die span wat Hoërskool Randburg op 9 en 10 Oktober 2026 by die Elardus Erasmus byeenkoms te Mookgophong gaan verteenwoordig.

Die voorlopige reëlings is as volg:

- Ons vertrek op Vrydag, 9 Oktober om 10:00 vanaf die skool.
- Ons bly in die koshuis.
- Atlete moet self vir padkos soontoe en terug sorg.
- Hulle moet eie beddegoed, medikasie, sportdrag en toerusting saamneem.
- Ons ry, geklee in die top atleethempie, Randjie kortbroekie en wit tekkies.
- Deelname is in die amptelike atletiekdrag van die skool.
- Die bus na Randburg sal so spoedig moontlik na die byeenkoms terugkeer.

Kostes beloop **R475** wat vervoer, verblyf, die byeenkomsfooi, ontbyt en aandete insluit. Daar is 'n projek geskep en u kind sal daaraan gekoppel wees om die uitbetalings te vergemaklik.

Die volgende personeel vergesel die atlete na Mookgophong: mev. Annette Steenekamp, mev. Michelle van Niekerk, mnr. Frederich Birkenstock.

Aangeheg is die program vir die byeenkoms.

Voltooi asseblief voor 21 September 2026 die onderstaande *Google* vorm om te bevestig of u kind gaan deelneem sodat die nodige vervoerreëlings getref kan word:

https://bit.ly/ElardusErasmus26

Randjiegroete

A. Steenekamp
Atletiekorganiseerder

P. Booysen
Skoolhoof

TEL: (011) 782 6226/7 • Malibongwerylaan 183, h/v Rabie en Malibongwerylaan, Fontainebleau •
E-POS: admin@hsrandburg.co.za • WEBWERF: www.hsrandburg.co.za